SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Hein Wiegand (Heinrich Johann)

Universiteit: Stellenbosch Universiteit

Meesters: [ ] **Doktoraal:** [X] **Postdok:** [ ]

Studierigting: PhD in Praktiese Teologie

Titel van proefskrif of Verhandeling: Evangelisasie deur Sport- en Rekreasiebediening: 'n Praktiese-teologiese ondersoek

Datum van afhandeling: Desember 2017 **Uitslag:** Geslaag

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Die uitvoering van die *missio ecclesiae* (Matt 28:16–20), wat Christus aan sy dissipels en kerk toevertrou het, word weens die kerk se gebrek aan evangelisasieperspektief, aan bande gelê. Dit het onder meer 'n beperkte ontwikkeling van evangelisasiebedieninge, 'n verwaarlosing van dissipellering en 'n stagnering en/of afwesigheid van missionale oriëntasie tot gevolg. 'n Soeke na alternatiewes om veral evangelisasie te kan bevorder, het hieruit voortgevloei; ook elemente en terreine wat ondersteunend daartoe kan meewerk, word hierby ingesluit.

Om die Evangelie aan die kerkloses en kerklosses te kommunikeer, verg effektiewe, maar ook al meer innoverende benaderings tot evangelisasie. Een van die terreine waarby die meeste mense op een of ander wyse betrokke is – hetsy as speler, beampte of as toeskouer – is dié van sport en rekreasie. Vir dié rede behoort die aanwending van sport- en rekreasie-aktiwiteite ernstig oorweeg te word om die Evangelie, binne verhoudings, aan ander te kommunikeer. Alhoewel die aanwending van hierdie aktiwiteite reeds vir etlike jare deur bedieninge oor die wêreld heen tydens die evangelisasieproses gebruik word, is hierdie bedieningsbenadering nie 'n bekende praktyk binne die Suid-Afrikaanse kerk, en veral nie binne die gereformeerde tradisie nie. Dit het tot die volgende vraag en navorsingsfokus van hierdie studie aanleiding gegee: Waarom en hoe kan Sport- en Rekreasiebediening aangewend word, sodat evangelisasie daardeur bevorder en ondersteun kan word?

Die Groot Opdrag van Christus, met sy onderskeie fasette, is as die vertrekpunt van hierdie studie geneem. 'n Abduktiewe benadering tot die kwalitatiewe navorsing is gevolg. Die enigste eg Suid-Afrikaanse Sport- en Rekreasiebediening, Sport vir Christus Aksie Suid-Afrika (SCAS), is die studie-objek in hierdie studie. 'n Vraelys om die evangelisasiebediening van hierdie parakerklike organisasie beter te verstaan, is tydens 'n empiriese ondersoek gebruik. Waargenome verskynsels en tendense is aan die hand van wetenskapsteorieë, soos in bemarking-, opleiding-, fasilitering- en sosialiseringdissiplines, geïnterpreteer en teologies verryk. Hieruit blyk onder andere duidelik die uitkoms van SCAS se aanwending van sport- en rekreasie-aktiwiteite tydens evangelisasie-uitreike: dié parakerklike organisasie se verbintenis tot die *missio ecclesiae*, en sy ondersteunende rol en verantwoordelikheid aan die Christelike kerk.